

Naam en van:

Bennie van der Merwe

Naam en graad van seun:

Stefan van der Merwe Gr 8

Skakel vir video:

<https://youtu.be/hCjzLwdgSnE>



Vorige Beheerliggaam ondervinding (Instansie en jare diens)

Laerskool Pretoria-Oos Beheerliggaam- 4.5 jaar
(Voorsitter - 3 jaar en lid 1.5 jaar)

Beroep, vaardighede en ondervinding wat vir die skool tot voordeel sal wees.

Beroep: Prokureur

Vaardighede en ondervinding: Professioneel verteenwoordig ek verskeie kliente in die opvoedingsektor - van diensverskaffers, tuisskoolonderrig kurrikulum verskaffers, privaat en staatskole. In die verband werk ons gereeld met die SA Skolewet en die implikasies van die voorgenome BELA wet. Verder het ek ondervinding opgedoen oor die rol en funksionering van 'n Beheerliggaam en het ek gedurende die laaste paar jaar blootstelling gehad met rolspelers in die opvoedingsektor oor van die mees relevante onderwerpe tans.

My visie vir my termyn op die beheerliggaam.

Om 'n veilige spasie te skep waar ons kinders kwaliteit onderrig kan ontvang en goed gevorm kan word. In die verband:

Die reg op kwaliteit moedertaalonderrig moet ten alle koste beskerm word.

Die voorgenome veranderinge in die BELA wet moet teengesaan word vir sover dit skole se reg om 'n toelatingsbeleid en taalbeleid vas te stel, beperk.

Ouers se geld moet verantwoordelik gespandeer word.

Ek sal graag wil sien dat AHS se uitnemendheid op alle gebiede -akademie, sport en kultuur voortgesit word.